Persverklaring wat aan Die Burger gestuur is 19/12/2010

5 miljoen liter water vir Beaufort-Wes:

Droom vir Bonnievale, ‘n plaaslike gemeenskapsorganisasie wat ten doel het om die dorp te verfraai, het bymekaar gekom. Dit nadat Theuns Coetzee, Beaufort-Wes gekontak het om te hoor of hul nie water in grootmaat tenkervragte kan ontvang nie. Met die ja-woord van Beaufort-Wes het die Droom organisasie ‘n epos uitgestuur om te kyk of hul uit die gemeenskep nie een tenkervrag kan stuur nie. Twaalf uur later het die gemeenskap ‘n volle 200 000 liter geskenk!

Net die volgende oggend, 10 Desember, is die eerste vrag met 32 000 liter, geskenk deur Jonkheer wyne, daar afgelaai. Beaufort-Wes se manne moes daardie oggend nog rond skarrel om al die pomptoerusting en koppelinge reg te kry.

Amore Bekker van RSG het toe met Theuns gepraat oor die ongelooflike tenkervragskenking van die Bonnievale gemeenskap. Die blootstelling van die uitsending het die speelveld heel oopgemaak. Dit het nou oor dorpsgrense en provinsies gespring na ‘n landwye poging. Die skenkings kom nou van oral oor en die planne wat die verskillende mense en organisasies maak is verstommend. Soveel so dat daar na 6 dae nou al 750 000 liter afgelaai is en ‘n verder 450 000 liter reeds geboek is. Met die landwye poging is daar toe besluit om die eerste teiken 5 miljoen liter te maak. Dit beteken 151 vragmotors wat ‘n konfooi van 3.5 km sal vorm as hulle in ‘n ry moet staan. As daar teen daardie tyd nog nie reënverligting vir Beaufort-Wes is nie, gaan ons oor na die volgende teiken. Die hele projek word net met eposte bedryf, en meeste van die skenkers het mekaar nog nooit ontmoet nie. Mense uit, Rawsonville, Kaapstad,Worcester,Touwsriver,Upington en self Springs het ingeklim asof hulle eie gesin op Beaufort-Wes bly.

Ons wil ons dankbaarheid teenoor die volgende besighede en dorpe uitspreek wat tot nou toe al hulp verleen het.

skenker / vervoer en water	**area**
Jonkheer wyne / JCR du Toit vervoer	Bonnievale
Stad Kaapstad / SA Road Tankers	Kaapstad
Boland Bouers / Uniwines	Rawsonville
Mooiuitsig	Bonnievale
Power Construction	Worcester
Orbit Motors/ Lions / Pool Transport	Worcester
Distell / Oranje Rivier Vervoer	Stellenbosch / Upington / Springs
Rawsonville gemeenskap / Uniwines	Rawsonville
Bonnievale gemeenskap/ Bonnievale Kelder	Bonnievale
Parmalat	Bonnievale
Spierwines/Slanghoekkelder	Stellenbocsh/Rawsonville

Bonnievale gemeenskap / Touwsrivier	Bonnievale / Touwsrivier
United Bulk Tankers / Worscester munisipaliteit	Worcester

Indien enige iemand verdere bydrae wil lewer kontak gerus vir Theuns Coetzee by 082 4178597 of epos na theunscoetzee@gmail.com.